Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

**Afrikaans Huistaal**

**Graad 9**

**Vraestel kwartaal 3**

**Dr. Cecilia Klopper**

**0828720039**

**Punte**: **60**

Hierdie vraestel bestaan uit **7** bladsye.

**Instruksies en inligting**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **twee afdelings**
   **Afdeling A**: Leesbegrip (30)
   **Afdeling B**: Taalstrukture en -konvensies (30)
2. Lees alle instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord al die vrae
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy
5. Trek 'n lyn na elke afdeling
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie
9. Skryf netjies en leesbaar.

**Afdeling A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**Teks A: Artikel**

**AS JY MOEG WORD VIR DIE LEWE IN DIE STAD LOK MY DIE WANDELPAD…**

Jaarliks stap meer as 400 000 mense van oral, die eeu-oue Camino de Santiago-Pelgrimstog. Mense het almal hul eie redes waarom hulle die pelgrimstog aanpak.

Sommiges wil net tyd in die natuur deurbring, ander wil van probleme vergeet en ander voel hulle wil naby aan die natuur wees om weer hul geloof te versterk.

Toerleiers Evan Naudé en Sam Wroth Rietmann sorg vir al die reëlings en jy moet dit net geniet.

Jy kan kies tussen twee roetes. Die gewildste een is die **Camino de Santiago**. Dit is die Franse Weg wat in Frankryk begin en sowat 260 km verder in Spanje eindig. Dié staproete begin by Astorga in Frankryk. Hier kan jy reeds die pragtige katedraal *La Catedral de Santa Maria de Astorga* besigtig.

Onthou om ‘n klip van jou tuisland saam te neem, want op die hoogste punt van die Camino, die *Cruz de Ferro*, moet jy die klip neerlê. Daar moet jy ‘n paar minute vertoef en aan al jou seëninge dink.

Die volgende stop op jou roete is die asemrowende dorpie *O Cebreiro* wat op die spits van ‘n berg lê en in alle rigtings uitkyk.

Stappers kry ‘n sertifikaat van voltooiing wanneer hulle 100 km afgelê het. Daarom begin baie stappers eers by *Sarria. Sarria* is die besige deel van die pelgrimstog.

Die eindpunt is natuurlik… *Santiago de Compostela!*

**Die Portugese Camino** is die tweede gewildste Camino-roete na *Santiago de Compostela*. Die roete loop langs die kus uit *Porto*. Dit is ‘n onvergeetlike ervaring. Die totale afstand van *Porto* na *Santiago* is sowat 280 km. ‘n Afstand van 21 km word per dag afgelê. Jy stap vir dertien dae. Alhoewel jy sommige dae bietjie koppies klim en dan weer daal, stap jy sommige dae net gemaklik op ‘n plat area langs die see. Die omgewing is pragtig.

Die Portugese Camino se wegspringplek is in *Porto*, die oudste stad in Europa, wat ook ‘n Unesco- wêrelderfenisgebied is.

Na ‘n paar dae se stap arriveer jy in *Viana do Castelo.* Daar besoek jy ‘n indrukwekkende katedraal met ‘n ongelooflike uitsig oor die stad.

In *Pontevedra* besoek jy die pragtige kerk wat bekend is vir sy Camino-skulpie argitektuur, die La Virgen Peregrina.

Na vele asemrowende natuurtonele, interessante oornagplekke, nuwe vriendskappe wat gesmee is, ure en ure se oordenking en sekerlik seer voete, bereik jy dan uiteindelik die hoogtepunt van die Camino staptog, *Santiago de Compostela!*

**BRON: Verwerk uit *Netwerk24***

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | Spreek jou mening uit oor die gepastheid van die titel. | **1** |
| **2.** | Uit hoeveel jaar bestaan ‘n eeu? | **1** |
| **3.** | Noem een rede waarom mense die Camino-staptog aanpak. | **1** |

| | | |
|---|---|---|
| **4.** | Sou jy graag aan een van die twee staptogte wou deelneem? Watter een sou jy kies? Motiveer jou antwoord. | **2** |
| **5.** | Wat is die eindpunt van die twee Camino roetes? | **1** |
| **6.** | In watter twee dorpies begin die twee staproetes? | **2** |
| **7.** | Noem twee verskille tussen die twee roetes. | **2** |
| **8.** | Noem een rede waarom die stad *Porto* 'n merkwaardige stad is. | **1** |
| **9.** | Wat is die funksie van die uitroepteken in die volgende sin:<br>"Die eindpunt natuurlik… *Santiago de Compostela!"* | **1** |
| **10.** | Watter tipe besienswaardigheid word die meeste besoek tydens hierdie twee staptoere? | **1** |
| **11.** | Watter afleiding kan jy uit die woorde: " … sekerlik seer voete…" maak oor die aard van die staptoer? | **1** |
| **12.** | Dui aan of die volgende 'n **feit of 'n mening** is:<br>Jaarliks stap meer as 400 000 mense die Camino de Santiago - pelgrimstog. | **1** |
| **13.** | Wat is die taak van die twee toerleiers? | **1** |
| **14.** | Dui die twee woorde in paragraaf 8 aan wat in teenstelling met mekaar staan. | **2** |
| **15.** | Watter besondere aksie word op die die hoogste punt van die Camino, die *Cruz de Ferro*, uitgevoer? | **1** |
| **16.** | Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat dui op die tydsduur van die Portugese Camino. | **1** |
| | **TOTAAL:** | **20** |

**Vraag 2**
**Teks B: Visuele teks- Advertensie**

**CAMINO**

**Begin NOU oefen vir die mees verrykende ervaring van jou lewe!**





**Bespreek NOU jou plek by Netwerk24!**

| | |
|---|---|
| **Roete 1** | **Roete 2** |
| **Camino-kusroete, Portugal** | **Camino de Santiago** |
| **28 Mei – 11 Junie 2026** | **28 Mei-11 Junie 2026** |
| **Koste: R8000 per persoon** | **Koste: R8000 per persoon** |
| **Stapafstand: 280 km** | **260 km** |
| **Stap deur twee lande** | **Stap deur 100 dorpies** |
| **BRON: Geïnspireer deur *Netwerk24*** | |

| | | |
|---|---|---|
| **2.1** | Wie is die **teikengroep** van hierdie advertensie? | **1** |
| **2.2** | Wat het jou **aandag** getrek in bogenoemde advertensie? | **1** |
| **2.3** | Dui een **ooreenkoms** aan tussen teks A en teks B. | **1** |
| **2.4** | Wat is die **verskil** tussen teks A en teks B? | **1** |
| **2.5** | Verduidelik die doel van die **uitroepteken** in die twee opskrifte. | **1** |
| **2.6** | Wat, na jou mening, is die rede waarom die woord" NOU" in **hoofletters** getik is. | **1** |
| **2.7** | Wat is die betekenis van "**kus**roete"? | **1** |
| **2.8** | Maak 'n sin met 'n **homoniem** van "kus" wat 'n ander betekenis dra. | **1** |
| **2.9** | Watter foto in die advertensie inspireer jou die meeste om die Camino te gaan stap? Gee 'n rede vir jou antwoord. | **2** |
| | | **[10]** |

**Totaal Afdeling A: [30]**

**Adeling B: Taalstrukture en -konvensies**

**Vraag 3**

**Bestudeer die onderstaande strokiesprent (Teks C) en beantwoord die vrae wat volg.**

**Teks C Strokiesprent**

# Met Dapper en stapper!






**Bron:** ***Canva***

***Geïnspireer deur Weg! # 220***

**VRAE:**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | Watter EEN woord in spraakborrel 1 dui daarop dat Luka en Okkert op 'n staptoer is? | **1** |
| **3.2** | Skryf spraakborrel 2 in die **indirekte rede** oor.<br>Begin so: Okkert waarsku Luka dat… | **1** |
| **3.3** | Kies die korrekte antwoord. Die eerste sin in spraakborrel 4 is 'n stelling/ bevel/ vraag/ uitroep. | **1** |
| **3.4** | Skryf die sin in spraakborrel 5 oor in die **indirekte rede.** | **1** |
| **3.5** | Voltooi die volgende sin met die korrekte **voegwoord**: Ons sal darem vanaand beskut wees teen die reën ________ ons in die Sleeping beauty-grot gaan slaap. | **1** |
| **3.6** | Word die woorde in spraakborrel 7 letterlik of figuurlik bedoel?<br>" kan ons bietjie asem skep…"? | **1** |
| **3.7** | Wat is die funksie van die leesteken in spraakborrel 5? | **1** |
| **3.8** | Benoem die woordsoort "hierdie" in spraakborrel 1. | **1** |

| | | |
|---|---|---|
| **3.9** | Watter woord beskryf die karakters se **gesigsuitdrukkings** die beste?<br>Kies die korrekte een: opgewonde/ verveeld | **1** |
| **3.10** | Watter woord beskryf die karakters in die strokie se **lyftaal** die beste?<br>Kies die korrekte een: energiek/ uitgeput | **1** |
| | **TOTAAL** | **[10]** |

**Vraag 4: Artikel**
**Bestudeer die tydskrifartikel (Teks D) en beantwoord die vrae wat volg.**
**Teks D**

## KOM STAP IN DIE DRAKENSBERGE

In die Maloti- Drakensbergpark wag die Garden Castle- natuurreservaat om verken te word. As jy die R617 neem, lê dit **(4.1) ongeveer (4.2) 36 km** van Underberg af. **(4.3) Indien** jy met 'n Sedan-motor ry, ry net versigtig**:** **(4.4)** Daar is heelwat slaggate in die pad tussen die Gooderson Drakensberg Gardens Golf & Spa Resort en die Ezemvelo KZN Wildlife-kantoor**... (4.5)**

Daar is verskeie staproetes waarvan sommiges 9 km lank is **(4.6) -** Pillar Cave en Three Pools. Die Hidden Valley-roete wat die Mzimude-rivier kruis is 18 km lank. Die roete **(4.7) wat** tot **(4.8) bo-op** Rhino-Peak strek, is die langste roete wat 22 km lank is.

**(4.9) & (4.10**) **Aangesien** die Drakensberg 'n wildernis-gebied is, is hier geen gemerkte paadjies en aanwysingsborde nie. **(4.11**) Stappers kry net 'n basiese kaart van die roete en die omliggende omgewing en moet hul eie paadjies stap.

Indien jy wil oorslaap op die roete, dan is Hermits Wood Camp 'n **(4.12) opsie**, maar daar is geen krag nie. (**4.13) & (4.14) & (14.15) Gas is egter beskikbaar.**

As jy dus regtig **(4.16) in die natuur** wil ontspan, is die Garden Castle- **(4.17) natuurreservaat** die ideale **(4.18) keuse**. Bespreek **(4.19) onverwyld** jou plek.

**Bron:** Verwerk uit *Weg! #220*

**Vrae:**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Gee 'n **sinoniem** vir die woord "ongeveer". | **1** |
| **4.2** | Skryf "**36 km** " voluit. | **2** |
| **4.3** | Vervang die woord : "indien" met 'n **sinoniem.** | **1** |
| **4.4** | Verduidelik die funksie van die **dubbelpunt** na "ry net versigtig**:**" | **1** |
| **4.5** | Verduidelik die funksie van die **ellips (beletselteken**) na " … Wildlife-kantoor…? | **1** |
| **4.6** | Waarop dui die aandagstreep net voor "**-** Pillar Cave en Three Pools"? | **1** |
| **4.7** | Benoem die **woordsoort** van die woord "wat". | **1** |

| | | |
|---|---|---|
| **4.8** | Wat is die funksie van die **koppelteken** in "bo-op"? | **1** |
| **4.9** | Benoem die **woordsoort** "aangesien". | **1** |
| **4.10** | Skryf die volgende sin oor, maar vervang "aangesien " met 'n soortgelyke woord:<br><br>**"Aangesien** die Drakensberg 'n wildernis-gebied is, is hier geen gemerkte paadjies en aanwysingsborde nie." | **1** |
| **4.11** | Dui die **bysin** in die volgende sin aan:<br><br>"Stappers kry net 'n basiese kaart van die roete en die omliggende omgewing en moet hul eie paadjies stap." | **1** |
| **4.12** | Gee 'n **suiwer Afrikaanse** word vir 'opsie". | **1** |
| **4.13** | Watter **afleiding** kan jy maak uit die laaste sin?<br><br>"Gas is egter beskikbaar." | **1** |
| **4.14** | Skryf die volgende sin oor in die **ontkennende vorm**:<br><br>"Gas is egter beskikbaar." | **1** |
| **4.15** | Maak 'n sin met die **homoniem** van die woord "gas" sodat die betekenis duidelik blyk. | **1** |
| **4.16** | Benoem die **onderstreepte bepaling** in die volgende sin:<br><br>"As jy dus regtig **in die natuur** wil ontspan, is die Garden Castle-natuurreservaat die ideale keuse." | **1** |
| **4.17** | Voltooi die volgende definisie: 'n Natuurreservaat is 'n plek waar … | **1** |
| **4.18** | Verander die woord "keuse" na 'n **werkwoord.** | **1** |
| **4.19** | Wat is die **betekenis** van die woord "onverwyld"? | **1** |
| | **TOTAAL:** | **[20]** |

**Totaal vir afdeling B** **[30]**

**Totaal vir vraestel:** **[60]**